# Is Dit 'n Sonde om VERSOEK Te Word?

Joe Crews

Kopiereg © 1984 deur
Joe Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

Buitebladontwerp deur Allen Hrenyk

# Is Dit 'n SONDE Om VERSOEK Te Word?

Geen groeiende Christen in die wêreld kan ongeërg staan teenoor die traumatiese probleem van versoeking nie. Daar is geen ouderdomsbeperking waar morele keuses en geestelike stryd ons nie konfronteer nie. Versoekings mag op verskillende stadiums oor uiteenlopende sake toeslaan, omdat dit altyd by ons sal wees solank as wat ons vleeslik is.

Toe ek nog 'n seuntjie in Noord Carolina, V.S.A. was, het ons altyd geweet wanneer die vrugte in ons boord ryp was. 'n Sekere bende van die buurt se seuns sou in daardie rigting beweeg, en almal sou sê, "Dit moet nou weer tyd wees." Duiwels is slimmer as tienerseuns, en solank as wat die vrugte in u lewe suur en onryp is, sal hulle u heeltemal alleen laat. Wanneer daardie vrugte egter ryp is, sal al die duiwels skielik verskyn en dit van u probeer steel.

Dit beteken dat die diep geestelike mense waarskynlik diegene is wat die ergste versoekings sal ondervind. Hulle het iets wat Satan wil bederf of vernietig. Afdwalendes op die grense van die kamp kan dalk ongedeerd daarvan afkom, maar die ware heiliges sal onder gedurige teistering wees.

Beteken dit dus dat dit 'n eer is om veral deur die duiwel versoek te word? Miskien is dit. Dit kan as 'n kompliment beskou word as diewe by u huis probeer inbreek. Dit toon ten minste dat u die reputasie het dat u besittings het. En wanneer die duiwels opdaag, mag dit inderdaad aandui dat u geestelik beter daaraan toe is as wat u ooit tevore was.

Nou is ons gereed om te kyk na een van die verbasendste tekse in die hele Bybel. "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val." Jakobus 1:2. Klaarblyklik was die Bybelskrywers ook oortuig dat versoeking voordelig kan wees. Die gedagte is egter heeltemal teenstrydig met al die pynlike menslike ondervindings wat ons gely het wanneer ons versoek word. Die meeste beskou dit 'n noodsaaklike euwel, gewoonweg vernietigend in sy invloed.

Ons moet egter verstaan dat daar 'n paar vergoedende eienskappe is oor om versoek te word. Eerstens, dit bewys dat ons geestelike insig het. Niemand kan versoek word indien daar nie betekenisvolle keuses is wat gemaak kan word nie. Kwessies van wat reg en verkeerd is, moet duidelik onderskeidbaar wees. Mense wat alles op die sedelike gebied sien as gryserig, kan nie deur enige ernstige geestelike stryd gaan nie.

'n Persoon moet 'n buitengewone bewustheid hê van goed en kwaad ten einde versoek te word. Baie moderne godsdienstiges blyk om slegs klein, gemiddelde gewetens te hê, wat dalk die oorsaak kan wees vir die gebrek aan geestelike konflik. Wat 'n teenstelling met die groot karaktervolle manne van die verlede wie dit blyk dramatiese man teen man gevegte met die duiwel gehad het. Martin Luther se konfrontasie met Satan was so werklik dat daar vertel word dat hy 'n inkpot na sy versoeker gegooi het.

U moet dus geluk gewens word indien u versoek word. Dit impliseer beslis dat u kwessies korrek insien. Nou kom egter die belangrikste vraag: Nadat ons die ware situasie insien, hoe vind ons die krag om die goeie bo die bose te kies? Paulus het die dringendheid van hierdie vraag besef toe hy sy eerste brief aan die kerk in Korinthe geskryf het. Niemand kon voor meer ooglopende keuses te staan gekom het as daardie paar Christelike inwoners van Korinthe nie. Die heidense lewenswyse

van die vlees het in skrille kontras gestaan teenoor die selfopofferende lewenstyl van hulle nuutgevonde geloof. Daar was geen vraag by hulle oor wat reg of verkeerd was nie, en Paulus het geskryf: "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra." 1 Korinthiërs 10:13.

Hierdie versie bevat 'n magdom geïnspireerde bemoediging vir enigiemand wat teen 'n erkende euwel moet stry. Die apostel het gewaarsku daarteen dat ons onsself as uniek moet beskou. Dit is so maklik vir ons om te voel dat niemand anders ooit die vyand op dieselfde manier as ons moes trotseer nie. Ons las lyk swaarder en ons stryd heftiger as die wat andere ondervind het. Paulus het gesê dat dit gladnie waar is nie, en ons moenie onsself toelaat om dit vir 'n oomblik te dink nie. Hierdie is ou nuus. Dit maak nie saak wat ons moet verduur nie, miljoene was alreeds onderwerp aan dieselfde versoekings nog lank voordat ons gebore was.

Ons wil so graag dink ons situasie is anders as die van al die ander! Hierdie voorsien 'n baie slim rasionalisering net vir ingeval ons die stryd verloor en toegee vir die versoeking. Indien ons saak so anders is, kan God ons nie so streng soos andere oordeel wat 'n baie makliker toets gehad het nie. Die sakeman troos homself dat om oneerlik te wees met belasting, nie normaalweg die regte ding is om te doen nie, maar hy het soveel meer verlies gely weens winkeldiefstal as enigiemand anders. En buitendien word daar baie meer teen hom gediskrimineer deur die regeringsamptenare.

Die flirt redeneer, "My probleem is uniek. My vrou is koud en afsydig, en niemand verstaan die druk waaronder ek verkeer nie."

Neem kennis: Byna elke sonde sal voorafgegaan word met

drie woorde – "Ek's die uitsondering." Ons moet onsself gedurig daaraan herinner dat hierdie vir sesduisend jaar die sielkunde van Satan was. Al wat hy in die woestyn van versoeking probeer het, was om Jesus te oortuig dat Hy anders was. Elkeen van die drie aanslae wat Satan gebruik het, was gebaseer op die gedagte dat as die Seun van God, Hy dinge kon doen wat niemand anders kon doen nie – klippe in brode verander of van die tempeldak afspring sonder om Homself te beseer.

## Die Doel van Versoeking

Paulus is egter nou haastig om ons te verseker dat "God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie." Dit is gerusstellend en bemoedigend! Maar waarom moet Hy egter toelaat dat enige pynlike konflikte Sy volk oorweldig? Waarom verwyder Hy nie slegs alle versoekings nie? Die antwoord word in Jakobus 1:2-4 gevind. "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie."

'n Nuwe, gerusstellende prentjie begin uit hierdie versies vorm aan te neem. Versoeking voorsien geleentheid vir geestelike oorwinning en groei. Dit is nie 'n skande om versoek te word nie. Sonder 'n stryd kan daar geen oorwinnings gerugsteun deur sterk besluite wees nie. Daar kan ook geen edele karakter gevorm word nie. *Deugsaamheid is beproefde onskuld.* Onbeproefde goedheid kan dalk geen goedheid wees nie. Ek kan myself dalk iewers in 'n eensame grot afsonder en vir 'n hele week nie enige uiterlike sonde doen nie slegs omdat ek nie enige kontak met ander mense het nie. Sou daardie week

bewys dat ek ‘n deugsame individu is? Gladnie. Christelikheid is nie slegs die afwesigheid van verkeerde gedrag in die lewe nie; dit het ook te doen met ‘n aggressiewe toepassing van positiewe deugde. My lewe in die grot kan dalk meer bewys as wat ek wil hê dat dit moet bewys. Ek sou goed wees, maar goed vir niks! Die persoon wat alle versoekings vermy deur kontak met andere te vermy, kan geen skade doen nie, maar hy doen ook niks goed nie. Hy is sedelik anemies.

Nou kom ons by Paulus se stelling dat God “uitkoms sal voorsien sodat julle dit sal kan verdra.” Beteken dit dat daar altyd ‘n maklike weg uit elke versoekingsondervinding sal wees? Nee. Dit beteken slegs dat in elke sedelike toets, God vir ons ‘n alternatief sal voorsien. Daar sal altyd twee paaie wees wat uit elke versoeking lei – een, die aanloklike pad van die bose; die ander, ‘n aantreklike weg van die goeie. Paulus sê dat ons in twee rigtings getrek word elke keer wanneer ons versoek word. Op dieselfde tyd wat ons versoek word om kwaad te word, word ons ook versoek om selfbeheersing te toon. Wanneer ons versoek word om oneerlik te wees, word ons ook versoek om integriteit te toon.

‘n Klein seuntjie het in die winkel gestaan met sy hand in die mandjie met appels en het aan die aantreklike vrugte gevoel. Uiteindelik het die winkeleienaar nader gekom en vir die seuntjie gevra, “Seun, probeer jy om my appels te steel?” Vinnig het die seuntjie geantwoord, “Nee, Meneer. Ek probeer om dit nie te doen nie.” Ons kan maklik verstaan wat hy bedoel het met daardie eerlike antwoord. Almal van ons het al gestry met daardie twee stemme en daardie twee keuses. Ons mag dit dalk nie netjies ontleed en uitgespel hê nie, maar ons word net so versoek om te doen wat reg is as om die verkeerde te doen.

Hy wat die gedagte om te steel onderdruk, vertoon die deug van eerlikheid. Hy wat die begeerte onderdruk om egbreuk te

pleeg, is terselfdertyd besig om die ideaal van reinheid te onderdruk. Die geheim is om hierdie edele beginsel op ons daaglikse ondervinding toe te pas sodat ons nie deur die lewe gaan en elke versoeking as ‘n gevreesde vyand beskou nie. Op die langeduur kan ons ontdek dat die interessantste, innemendste dinge in werklikheid die goeie dinge is. D.L. Moody het ‘n sekere pragtige heuwel naby die huis waar hy groot geword het, “Temptation Hill” genoem, omdat hy geredeneer het dat eendag, iemand nie in staat sal wees om die versoeking te weerstaan om ‘n kerk bo-op te bou nie. En weliswaar, iemand het toegegee aan die versoeking, en ‘n lieflike kapel staan tot vandag toe nog daar.

Laat ons nou kyk na die einde van hierdie dubbelpad wat uit elke versoekingsondervinding lei. Die versoeking wat een karakter edel maak deur nie daaraan toe te gee nie, sal ‘n ander karakter gemeen en veragtelik maak deur daaraan toe te gee. Die wet van die menslike natuur bepaal dat ons nooit weer dieselfde kan wees nadat ons versoeking in die gesig gestaar het nie. Ons sal óf die oorwinning behaal en sterker wees vir die volgende een op ons pad, óf ons sal toegee en swakker wees vir die volgende een waarvoor ons te staan kom. Ons karakter word opgebou of afgebreek afhangende van die keuse wat ons maak.

## Behoort Ons Na Versoeking Te Soek?

Voorsien hierdie nie ‘n kragtige argument om te bewys dat versoeking ‘n goeie ding kan wees nie? Dit is inderdaad wat dit doen. Dit kan egter ook misbruik word indien ons nie versigtig is nie. Omdat oorwinning soveel voordeel vir ons inhou, behoort ons te gaan soek na ‘n geleentheid om met die vyand kragte te meet? Indien versoeking so ‘n aangename geleentheid kan voorsien om karakter te ontwikkel, waarom nie bid, “Lei ons in versoeking” in plaas van “Lei ons nie in versoeking nie?”

Sommige kan redeneer dat hulle ‘n inspuiting van nuwe krag nodig het en begin om na ‘n lekker, sappige versoeking te soek, sodat hulle ‘n oorwinning kan behaal en hulle karakter kan bou.

Wat is verkeerd met so ‘n redenasie? Is daar ‘n oortuigende antwoord daarop? Die van ons wat hierdie vryheid van keuse besit, behoort te bid dat ons dit nie sal misbruik deur onsself te laat vasvang in omstandighede wat ons sal toets bo ons kragte nie. ‘n Beheerde vuur in die stoof is baie nuttig, maar dit is nie van enige nut buite beheer op die dak nie. Dit is beter om die aas te vermy as om in die slagyster te worstel nadat dit afgegaan het.

Dit feit is dat ons ons eie kragte verkeerd bereken. Ons verstaan nie ons eie sterkte en swakhede nie. Om hierdie rede is daar geen regverdiging vir iemand om opsetlik na ‘n toetssituasie te soek nie. Ons het geen belofte van verlossing onder daardie omstandighede nie. Die Bybel sê, “Die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos.” 2 Petrus 2:9. God beloof verder, “Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing.” Openbaring 3:10. Hy is die enigste een wat gekwalifiseerd is om die omstandighede van ons toets te reël. Hy sal slegs toelaat dat dit om ons ontwikkel wat Hy sien waaraan ons ‘n behoefte het en die krag het om te verduur.

Elkeen van ons het heel kwesbare swakhede in ons karakter. Dit is ook ongelukkig waar dat daar tye is wanneer ons heel maklik deur die vyand oorwin kan word. Satan is goed bekend met daardie presiese oomblik wanneer ons weerstand op die laagste sal wees, en hy verstaan ook ons individuele swakheid. Ons kan van een ding seker wees – sy sterkste aanval teen ons sal kom in ons swakste oomblik en toegespits op die swakste deel van ons karakter.

Wat ‘n gewigtige gedagte! Met so ‘n vyand kan ons nooit veilig voel in ons eie krag nie. Ons is slegs so sterk as wat ons in

ons swakste oomblik van ons lewe is.  Ons karakter is slegs so sterk as sy swakste skakel.  Hierdie feite verhinder vir ewig die moontlikheid dat ons onsself opsetlik en sonder risiko aan toetse kan blootstel ten einde karakter te bou.  God moet die versoeking meet aan ons persoonlike behoefte en krag, en Hy moet voortdurend die magte van daardie omstandighede beheer wat ons geloof en ondervinding toets.  In hierdie soort versoeking kan ons ons verbly, soos wat Jakobus ons dan ook vermaan om te doen.

## Sonde Begin In Die Gedagtes

‘n Ander interessante feit oor versoeking is dat dit altyd eerste die gedagtes aanval.  Elke sonde het sy oorsprong in die gedagtes lank voordat dit as ‘n fisiese daad verskyn.  Jesus het gesê, “Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid.” Markus 7:21,22.  Bykans elke kategorie van boosheid is ingesluit in hierdie lang lys van sondes wat uit die hart kom.  Paulus beskryf wellus as “toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het”  Efesiërs 2:3.  Die Grieks sê meer akkuraat, “begeertes van die gedagtes.”

Op hierdie tydstip moet ons ‘n paar noukeurige onderskeidings tref.   Dit is baie belangrik om te verstaan dat begeerte, op sigself, nie verkeerd is nie.  God het in werklikheid sekere sterk aptyte en neigings in ons menslike natuur geplaas. Daar is niks verkeerd met hierdie drange nie solank as wat hulle behoorlik beheer en gerig word.  Dit sluit in ambisie, humeur, seks, en elke ander basiese neiging.  Oortreding kom slegs op een wyse.  Wanneer begeerte die grense oortree en vervulling soek buite die wil van God, verander dit in wellus.

Elke dag word ons gekonfronteer met prente, boeke, woorde, ens., wat opwindend en aanloklik vir die verstand is.  Dit is deur hierdie emosionele prikkeling dat die gedagtes dikwels onheilige begeertes oplewer.  Die versoeking om te begeer is teenwoordig, maar dit is nie sonde nie.  Solank as wat daar nie aan daardie begeertes toegegee word of dit bevredig word nie, is hulle nie verkeerd nie.  Dit is slegs wanneer die verstand reageer op die begeerte deur dit te ontvang en dit te hou dat die versoeking in sonde verander.

Jakobus beskryf dit op hierdie manier.  "Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.  Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort."  Jakobus 1:14,15.  Hier word die daad van sonde vergelyk met die proses van bevrugting en voortplanting.  Net soos wat 'n by die stuifmeel van een oop bloeisel na 'n ander dra om die blom te bevrug, so is die hart van elke individu oop vir die inwerkingtreding van onheilige gedagtes en begeertes.  Indien daardie sade toegelaat word om met die vleeslike natuur te meng, produseer dit 'n onvermydelike oes van sonde, en uiteindelik, die dood.  Ons enigste beskerming is om 'n wag te plaas voor al die toegange tot die siel om elke gedagte wat binnekom, te toets.  Deur die genade en krag van Christus, kan elke bose begeerte herken en gesif word sodat dit geen geleentheid het om in die gedagtes te vestig as 'n katalisator van wellus en sonde nie.

Hierdie raak aan 'n kwessie wat dikwels oorweldigend sensitief word.  Hoe maklik is dit nie om te sê dat ons die verstand kan kontroleer en die aandrang van sondige gedagtes kan ignoreer nie.  Maar kan mense, selfs in samewerking met Christus, in werklikheid die versoeking oorwin om onrein gedagtes te huisves?  Die Bybel sê Ja.  "Want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings

neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat gewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.” 2 Korinthiërs 10:4,5.

Hoe is so ‘n algehele oorwinning moontlik? Word dit verkry deur gebed, geloof, of persoonlike poging? In wese moet ons saamstem dat hierdie soort verlossing en bevoegdheid slegs deur die inwonende Gees van God voorsien word. Daar is nie genoeg krag in die vlees om een bose begeerte te oorwin nie. Die oorwinning word egter nie verkry sonder ons ernstige samewerking en aksie nie. God doen nie wonderwerke om diegene te verlos wat nie hulle eie Godgegewe krag gebruik om die bose te vermy nie.

## Bewaak die Gedagtegang

Weer eens word ons aandag gevestig op die vraag oor om versoeking uit te nooi. Hoe ver behoort ons te gaan om onsself te beskerm teen die vatbaarheid vir sonde? Jesus het ‘n duidelike beginsel in die bergpredikasie neergelê. “As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.” Mattheus 5:29,30.

Vanselfsprekend het Jesus nie van ‘n fisiese oog of hand gepraat nie. ‘n Persoon kan sy liggaam gewelddadig skaad en nog steeds voortgaan in goddeloosheid. Christus het gepraat van die werk van die hand en waarop die oog fokus. Indien ons onsself in ‘n beroep of enige fisiese situasie bevind wat ‘n deur vir versoeking oopmaak, is die raad om “dit af te sny.” Met ander woorde, kom weg van enige beroep wat ‘n versoeking kan wees

wat tot sonde kan lei. Die Meester het aangedui dat enige drastiese optrede gebruik moet word om situasies te vermy wat kan oorweldig met sielsvernietigende sonde. Selfs ‘n werksituasie behoort van afgesien te word eerder as om die geestelike risiko te loop van verlies van die ewige lewe.

Indien ons onsself bevind in ‘n posisie waar ons na ‘n toneel kyk wat aanleiding kan gee tot sondige gedagtes of dade, beveel Jesus ons om op enige moontlike wyse ons oë te sluit vir daardie toneel. Die uitdrukking “ruk dit uit” dra die gedagte oor van drastiese optrede, indien nodig.

Wat ‘n oortuigende betoog teen die korrupte kommunikasiemedia van vandag! Die verleidelike aanloklikheid van televisie is heelwaarskynlik die sterkste uitlokking tot sonde in hierdie eeu. Die woorde van Christus is duidelik van toepassing op diegene wat probleme het om die televisiestel te beheer. Ons Here se raad om “dit uit te ruk” kan vertaal word as “gooi dit weg” indien die oog voortdurend deur die uitlokkende prente op die televisie ontstig word. Jesus het gesê dat dit baie beter is om die voordeel van die opvoedkundige materiaal prys te gee as om die siel te verloor deur na afbrekende programme te kyk. Indien dit nie heeltemal beheer kan word nie, moenie die kans waag nie! Ruk dit uit!

Sou Jesus ons vra om onsself iets goeds te ontsê slegs omdat daar ‘n klein bietjie besoedeling van die verstand betrokke mag wees? Ja. Dit is baie beter om volgens die wêreldse maatstaf ‘n bekrompe bestaan te voer – ‘n een-oog lewe – as om ‘n sogenaamde volle lewe te lei en u siel te verloor. “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.” Lukas 9:23. Om Nee te sê vir begeerlike vleeslike dinge is ‘n basiese vereiste van ‘n Christen se dissipelskap indien daardie dinge versoekings verteenwoordig wat tot sonde kan lei.

Wat ek in werklikheid sê, is dat selfs met geestelike gedagtes, moet ons die beskaafde basiese beginsels van oorwinning oor versoeking volg. Daar is plekke wat vermy moet word indien ons 'n totale oorwinning wil behaal. Daar is godsdienstige vereistes iniden ons volkome in harmonie met Christus wil wees. Die gedagtegange moet bewaak word indien ons sonde in die aanvangstadium wil oorwin.

Wat 'n geweldige verskil sou dit nie maak indien ons die prioriteit duidelik kon verstaan wat op rein gedagtes geplaas word nie. Satan het 'n verleidende, nagemaakte wêreld van die vlees geskep wat 'n sterk aanspraak maak op die denke van elke man, vrou en kind. Slegs deur die strikke raak te sien en al die wapens van Christus se stryd op te neem, sal ons suksesvol kan wees om versoeking te weerstaan.

## Geen Vertroue in die Vleeslike

Al blyk dit asof sekere mense in staat is om enigiets behalwe versoeking te weerstaan, wil dit voorkom asof andere onbekommerd is oor die probleem. Is dit moontlik om 'n misplaaste selfvertroue te hê in die vlees en sy vermoë om versoeking te hanteer? Paulus het geskryf, "Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie." 1 Korinthiërs 10:12.

Het u al opgelet hoe sommige van die mees onwaarskynlike persone die prooi word van die mees onwaarskynlike sondes? Dit is dikwels die geval dat 'n persoon oorweldig word op die gebied waar hy voel dat hy die sterkste is. Hoe gebeur dit? Raak ons onverskillig ten opsigte van ons veronderstelde sterkste punt? Dit wil so voorkom. Geen geïnspireerde verduideliking word voorsien oor hoe Moses toegegee het aan ongeduld en woede nie. Die Bybel stel hom voor as die verdraagsaamste man wat nog ooit geleef het. So 'n persoon mag toegee aan baie ander

versoekings, maar beslis nie aan toorn nie. Tog is dit juis die sonde wat Moses uit die beloofde land gehou het. Hy het die rots in woede geslaan in plaas daarvan om daarmee te praat soos wat God beveel het. Numeri 20.

Elia se sterk eienskap was moed. Hy het eiehandig al die verskanste magte van Baäl op Berg Karmel weerstaan. Met ongelooflike dapperheid het hy enigeen uitgedaag wat afgewyk het van die weg van volle gehoorsaamheid aan God. Tog het hy, onmiddellik na sy suksesvolle geskil met die profete van Baäl, soos ‘n lafaard gevlug vir die dreigemente van Koningin Isébel. Dit was strydig met die karakter van die vreeslose Tisbiet! Het hy sy waaksaamheid ten opsigte van sy befaamde krag verslap?

Abraham was gekenmerk deur sy volkome vertroue in God. Hy word die vader van die gelowiges genoem. Nogtans het hy vir die Koning van Egipte gelieg uit vrees dat sy vrou van hom weggeneem sou word. Demonstreer hierdie groot Bybelse karakters nie dramaties hoe Satan die plek in ons lewens aanval waar daar ‘n gebrek aan waaksaamheid is nie? Niemand moet dink dat hy bestand is teen Satan se aanvalle as gevolg van die een of ander bewysbare deug nie.

Dit is ook heel interessant om daarop te let dat niemand rêrig verwag om aan die versoeking toe te gee nie, aangesien dit gewoonlik voorkom waar dit die minste verwag word. Gehási het die kleurvolle Siriese klere gesien – nie die melaatsheid wat deel van hom sou wees tot in die graf nie. Agan het die begeerlike wig van Babiloniese goud gesien – nie die woede van ‘n volk wat sou opstaan om hom te stenig nie. Judas kon nie verby die glinsterende silwermuntstukkie sien na sy vreesagtige berou en selfmoord nie.

Nog ‘n belangrike waarheid oor versoeking wat ons almal behoort te bemoedig, is dat baie versoekings sal ophou om ons te treiter indien ons goeie keuses ‘n gewoonte maak. Net soos wat

ons verstand geprogrammeer is om verkeerd te doen deur voortdurende toegewing aan kompromie en nederlaag, so kan dit geprogrammeer word vir oorwinning deur ferm besluite en regte keuses. Die ontsettende stryd sal grotendeels uit ons ondervinding verdwyn soos wat ons geaardheid verander na gewoontevormende oorwinning.

Iemand het ‘n artikel geskryf getiteld “Moenie Besluit om Kerktoe te Gaan nie,” wat heelwat polemiek veroorsaak het. Die fundamentele veronderstelling van die artikel was egter slegs dat ons nie hoef te debatteer oor die besluit om kerk by te woon nie. Net soos wat ons nie driekeer per dag ‘n stryd hoef te voer om te besluit om kos te eet nie, net so behoort ons nie moeilike besluite te neem om elke Sabbatoggend kerktoe te gaan nie. Herhaling van ‘n gewoonte verander uiteindelik in outomatiese gedrag, en die versoeking om van die kerk af weg te bly, bestaan nie meer nie. Dieselfde kan met vele ander soorte versoekings gebeur as ons ons wilskrag gebruik om oorwinnende patrone van gedagtes en dade te vestig.

Word u soms versoek om nie in die oggend te bid of u Bybel te lees nie? Waarskynlik het elke Christen al ten minste eenkeer voor daardie versoeking te staan gekom. Is dit moontlik om die krag uit daardie spesifieke versoeking te neem? Ja, dit is. Duisende mense het so ‘n patroon van daaglikse godsdiens gevestig dat hulle dit nie eens oorweeg om nie tyd daaraan te bestee nie. Die versoeking bestaan rêrig nie meer vir hulle nie. Hulle het die raad van Paulus gevolg, “Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.” Romeine 12:21.

Tot dusver het ons sommige van die sielkundige slenters blootgestel wat Satan gebruik om mense te verlei om te sondig. Ons het ook tot die gevolgtrekking gekom dat sonde in die gedagtes ontstaan wat meebring dat spesiale aandag gegee

moet word om daardie kwesbare teiken teen die vyand se aanval te beskerm.  Ons het voorgestel dat spesifieke beskerming tot die toegange van die verstand voorsien moet word om verdagte denkwyses en begeertes uit te sluit.  Ons het sterk aanbeveel dat wilskag gebruik moet word om Nee te sê vir die drange van die vlees.  Al hierdie raad is goed, maar dit is ook nutteloos indien een waarheid nie ingesien word nie.  Ons beweeg nou na die kern van die versoeking/sonde probleem.

## Die Krag van ‘n Positiewe Nee

Die krag om Nee te sê vir versoeking is slegs moontlik vir diegene wat die gesindheid van Christus deur bekering ontvang het.  Die vleeslike verstand het gladnie ‘n keuse oor sonde nie.  Dit is gedoem tot mislukking en nederlaag.  Die middelpunt van al die prosesse van keuse, die vrye wil, en besluite is in die geheimenisvolle grysstof van die brein.  Die is hier waar Satan sy eerste aanval op Eva geloods het.  Ten einde haar te laat sondig, moes Satan haar beïnvloed om haar verstand oop te stel vir iemand anders as God.  En die enigste manier om tot haar verstand te kon deurdring, was deur die emosionele toegange van die sintuie.  Daarom sê die Bybel dat “Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ‘n lus vir die oë was, ja, ‘n boom wat ‘n mens kan begeer om verstand te verkry.” Genesis 3:6.

Let asseblief daarop dat Satan slegs haar verstand kon verlei deur die dinge waarna sy gekyk en geluister het.  Dit was die aanloklike prag van die vrug, plus die hipnotiserende klank van die vleiende stem, wat uiteindelik tot Eva se val gelei het.

Neem kennis: Dit is slegs deur die weë te gebruik wat onder ons bewuste beheer is dat Satan in staat is om die verstand te besoedel.  Met ander woorde, ons moet ons toestemming gee

voordat ‘n sondedaad gepleeg kan word. Niemand het Eva verplig om haar man te verlaat, na die boom te loop, na die slang te luister, of om die vrug te eet nie. Elke tree was ‘n wilsdaad in reaksie op ‘n gevoelsoproep. God het in Eva ‘n heilige wil en ‘n volmaakte, sondelose verstand geplaas. Deur hierdie geheiligde kragte was ‘n totale skeiding van sonde altyd vir haar moontlik. Sy het egter besluit om God nie te gehoorsaam nie.

Ons saak is egter nie so duidelik en eenvoudig nie. Ons besit nie van nature die soort rein en onbesoedelde verstand wat Eva gehad het nie. Ons het almal die swak en toegeeflike liggame en verstande geërf wat ongehoorsaamheid in Adam en Eva meegebring het. Deur aan Satan toe te gee en te kies om hom te gehoorsaam in plaas van vir God, het Eva onmiddellik haar krag verloor om versoeking te weerstaan. Haar wilskrag het verswak, en die wet van sonde het begin om in haar liggaam te werk om die dood te veroorsaak. Deur daardie een doelbewuste daad het sy haarself en haar afstammelinge vir ewig verdoem tot ‘n lewe van voortdurende stryd en nederlaag.

Indien God nie onmiddellik die plan van verlossing in Genesis 3:15 ingestel het nie, sou die hele mensdom Eva se optrede van opsetlike sonde gevolg het en sonder hoop gesterf het. Die beloofde saad van die vrou het hoop gebied vir vervalle mense om die gevolg van Adam en Eva se sonde om te keer. Deur Christus kon die doodstraf verwyder word en die vyandige gesindheid kon deur die gesindheid van Christus vervang word. “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.” Filippense 2:5.

Dit sou nodeloos wees om aandag te gee aan die onderwerp van versoeking sonder om te besef dat die uiteindelike antwoord op hierdie probleem ‘n geestelike oorgawe aan Christus is. Al die beraadslaging in die wêreld, en al die kennis van sonde se planne sal van nul-en-gener waarde wees indien die intellek nie aan

Christus oorgegee word nie.

## Die Tweede Adam se Versoeking

Oorweeg vir ‘n oomblik hoe Jesus daardie ontsnappingsroete uit versoeking moontlik gemaak het vir elkeen wat dit sal aanvaar. Hy het as die wêreld se tweede Adam gekom, en die vyand presies getrotseer soos wat die eerste Adam hom moes ontmoet. En tog was dit natuurlik nie presies soos wat Adam en Eva getoets was nie. Jesus het nie die versoeker in ‘n pragtige tuin omring deur skoonheid ontmoet nie. Hy het in ‘n wilde, verlate woestyn teen die Satan gestry. Die eerste Adam het toegang gehad tot elke moontlike soort smaaklike voedsel, maar Jesus was uitgeteer en swak na veertig dae sonder voedsel of water.

Die eerste Adam het die versoeker ontmoet met die krag van ‘n volmaakte liggaam, onaangetas deur ‘n enkele oorerflike gebrek. Jesus het menslikheid op Homself geneem nadat 4,000 jaar van sonde die menslike ras verswak het. Hy het al die oorerflike nadele en laste aangeneem wat sonde op die fisiese afstammelinge van die eerste Adam geplaas het.

Niemand sal ooit die aard van daardie woestynstryd ten volle verstaan nie. Satan het vir jare, en miskien selfs eeue, op hierdie konfrontasie gewag. In daardie drie subtiele versoekings het hy al die sielkundige vaardighede saamgevoeg wat sy meesterbrein kon voorsien. Inderdaad het Satan sy aanval gedoen deur dieselfde basiese menslike emosies wat die eerste Adam vernietig het – eetlus, verwaandheid en posisie, te gebruik. Maar, dank God, die bedrieër kon geensins Christus oorreed om op sy verleidings te reageer nie. Die tweede Adam het die duiwel heeltemal ontwapen en verslaan op dieselfde gebiede wat so effektief teen die eerste Adam was.

Ons moet alles in ons vermoë doen ten einde hierdie

waarheid te verstaan. Waarom was die groot Skepper-God van die heelal gewillig om Homself te onderwerp aan die vernederings van daardie folterende ondervinding? Het Hy nie alreeds Sy mag oor die bose bewys deur hom uit die hemel te werp nie? Waarom moes Hy Homself vrywilliglik in so ‘n ontsettende nadelige posisie plaas vir nog ‘n konflik met Satan?

Die antwoord is eenvoudig. Die duiwel het die meesterstuk van God se skepping weggesteel. Die mens, wat God liefgehad het, was deur die vyand gevange geneem, alhoewel gewilliglik, en was in gevangenskap gehou. Twee dinge het daardie dag gebeur toe Adam deur Satan oorwin was. Eerstens, hy en sy afstammelinge was onmiddellik geplaas onder die onherroeplike doodstraf wat God uitgespreek het op die oortreders van Sy wet. Tweedens het sy hele sedelike natuur so verwond en verswak geraak deur sonde dat dit nooit weer vir Adam of sy nageslag moontlik sou wees om hulleself daarvan te weerhou om weer en weer te sondig nie.

Sien u die probleem? Wat kon God doen om die skepsels wat Hy liefgehad het uit die verwoestende uitwerking van hulle sonde vry te laat? Hulle was gedoem om te sterf en hulle het die krag om te gehoorsaam verbeur. Satan het koning gekraai. Hy het geredeneer dat God Self nie die mens kon terugkry sonder om Sy wet te verander of Sy regverdigheid onder verdenking te bring nie. Uiteindelik het Satan ‘n manier gevind om die aanklagte te bewys wat hy teen God gemaak het. In die teenwoordigheid van die heilige engele het hy God daarvan beskuldig dat Hy onregverdig was en onmoontlike gehoorsaamheid vereis het.

Nou het hy homself in God se verleentheid verlustig, want dit het voorgekom asof hierdie aanklagte waar bewys was. Die mens kon blykbaar nie gehoorsaam wees nie. God sou nou die mens in sy sonde moes laat sterf, of Sy wet verander, of Hy sou

oortreders in Sy koninkryk moes aanvaar – so moes Satan geredeneer het.

God het die probleem met so ‘n ongelooflike strategie benader wat geen duiwel of mens ooit kon voorsien nie. Satan was oorweldig deur die implikasies daarvan. Kortliks het dit behels dat God die mens se plek sal inneem en die doodstraf namens hom sal aanvaar. Nie die wet, óf die straf vir die verbreking daarvan, was verander nie.

Ten einde egter vir die mens se sonde te sterf, moes God die menslike natuur aanneem wat onderworpe was aan die dood. Die Godheid kon nie sterf nie. Jesus het die onuitspreeklike toestande aanvaar deur gebore te word in die verlore, veroordeelde familie van Adam. In die vleeswording het God nie slegs voorsiening gemaak vir Sy versoenende dood vir sonde nie, maar vir ‘n treffende weerlegging van Satan se beskuldiging dat die mens nie kon leef sonder om te sondig nie. Ten einde die bewys heeltemal onbetwisbaar te maak deur Satan, het Jesus Homself onderwerp aan dieselfde menslike beperkings as elke kind van Adam. Hy was in alle opsigte versoek net soos ons, nogtans het Hy elkeen van hulle oorwin deur dieselfde goddelike krag te gebruik wat vir elkeen van ons beskikbaar is. Hy was nog steeds heeltemal en volkome God, maar Hy was ook heeltemal mens. Deur hierdie versoekings te deurstaan, het Hy Homself vrywilliglik beperk tot dieselfde geestelike bronne wat vandag vir die mens beskikbaar is. Hy het dus Satan se leuen verpletter dat gehoorsaamheid vir die mensdom ‘n onmoontlikheid is.

## Alle Verlore Dinge Herstel

Met ‘n lewe van volkome gehoorsaamheid agter Hom, het Jesus Sy lewe afgelê om te voldoen aan die straf van die oortrede wet. Sy dood en opstanding het Hom die finale volmag gegee om

die verwoesting van die mensdom om te keer wat Satan bewerk het deur sy oorwinning oor Adam. Jesus het nou alles in Sy hand gehou wat die mens moontlik nodig het om herstel te word tot God se plan van 'n Eden van volmaaktheid en heiligheid. *Alhoewel dit Hom 'n onbepaalbare prys gekos het om te verkry, bied Hy dit as 'n vrye gawe aan enigiemand wat dit wil ontvang.*

Wat het Hy om aan te bied? *Bevryding van die doodstraf* deur Sy eie aanvaarding van die skuld en straf, *krediet vir 'n volmaakte lewe van gehoorsaamheid* deur Sy toegerekende geregtigheid, en *oorwinning in die vlees oor elke versoeking* wat Satan kan bedink.

Baie wat met blydskap die eerste twee gawes ontvang, is bang om die derde te aanvaar. Waarom moet ons huiwer om 'n toonstuk vir God te wees? Deur Sy krag van oorwinning oor versoeking te ontvang, voorsien ons 'n regverdiging vir God se oorspronklike doel, en ons ontbloot die lasterlike leuens van Satan vir wat dit werklik is.

Op hierdie oomblik handhaaf Satan 'n tingerige posisie as 'n tydelike heerser van hierdie wêreld. Hy kyk in desperaatheid toe terwyl Jesus en die Heiilge Gees deur die versperrings van sonde breek om menige van sy gevangenes te bevry. Die krag van die vlees word elke keer gebreek wanneer self aan Christus oorgee.

Versoeking verloor krag wanneer Hy die lewe binnekom. Deur een besluit op hierdie oomblik, is oorwinning verseker. Die tweede Adam moet u verlos uit die ou sondige natuur van die eerste Adam. Hy wil hê dat u families moet verander. Daar is geen hoop vir ons om versoeking te oorwin tensy ons uit die verslane, sterwende familie van die eerste Adam kom nie.

Jesus bied aan elkeen van ons die oorwinning wat Hy in die vlees oor Satan behaal het. Ons kon agterdogtig gewees het oor hierdie geskenk indien Hy nie in dieselfde menslike natuur as wat ons besit, oorwin het nie. Nou wil Hy in u lewe inkom en dieselfde

oorwinning dag na dag in u uitlewe.

Een van my geliefkoosde verhale het te doen met Augustinus, wie se jeug gekenmerk was deur verregaande wellustigheid en onsedelikheid. As ‘n jong man was hy meegesleur deur magtige strome van emosie vir twee vroue in sy lewe. Soos ‘n boot op die gety sou Augustinus na sy godvresende moeder, Monica getrek word; en dan, na ‘n losbandige vrou wat gelyk het asof sy hom onder ‘n bose bekoring gehou het. Ten spyte van sy moeder se gebede vir hom het Augustinus voortgegaan met ‘n lewe van miserabele kompromie. Soms was hy aangetrokke tot die regverdige lering van Monica, maar dan sou die bose invloed van die ander vrou hom weer terugtrek. Die stryd was langdurig en ontsettend.

Maar toe het daardie salige dag aangebreek toe Augustinus in sy tuin bekeer was deur ‘n geheimsinnige stem wat hom na Romeine 13:13,14 verwys het. Toe hy hierdie tekse gelees het, het die skille van sy oë afgeval en hy het hom gehaas om die goeie nuus aan sy moeder oor te dra. Sy was verheug oor die dramatiese verandering in haar seun.

Terwyl Augustinus die dag na sy bekering in die strate van Carthago afgestap het, het hy die vrou gesien wat sy metgesel in sonde was. Sy het reguit na hom aangestap gekom en daar was geen manier waarop hy die ontmoeting kon vermy nie. Sonder om selfs haar teenwoordigheid te erken, het Augustinus sonder ‘n woord verby haar gestap. Sy het verbaas gaan stilstaan en het toe woedend agter hom aangehardloop. Sy het sy arm gegryp en uitgeroep, “Augustinus! Augustinus! Dit is ek!” Hy is in sy vaart gestuit, het na haar gekyk, en gesê, “Ja, maar dit is nie ek nie.” Toe het hy verder in die straat afgestap en vir ewig uit haar lewe verdwyn.

Augustinus het daardie dag die waarheid gepraat omdat hy inderdaad ‘n nuwe persoon was. Dit is slegs in die krag van die

tweede Adam dat ons in staat sal wees om weg te draai van versoeking. Die sonde verloor sy aantrekkingskrag vir diegene wat lief is vir Christus en hulle besluit gemaak het om Hom te dien in plaas van self.

Satan sal geen probleem hê om die kinders van die eerste Adam te oorwin nie. Hy het die vader oorwin en kan ook die kinders hanteer. Daarenteen sal hy geen manier vind om diegene te oorwin wat op die tweede Adam vertrou vir krag nie.

Dit is die ontsnappingsroete wat belowe is aan diegene wat dit wil ontvang. Jesus voorsien die totale oorwinning wat Hy oor die duiwel behaal het, toe Hy hier in die menslike vlees gelewe het, aan Sy geestelike kinders.

Dit is die kern van die saak. Onder hierdie krag gebruik die Christen sy oorgegewe wil om die lewenstyl te kies wat die versteekte strikke van versoeking vermy. Beide faktore is baie belangrik om die oorwinning te behaal – om Christus in die hart te hê en om situasies te vermy waar versoeking die oorhand kan kry. Mag God ons rig om hierdie geestelike beginsels in ons eie ondervinding toe te pas.